Werksyfers wek kommer

http://www.netwerk24.com/Sake/Werksyfers-wek-kommer-20130506?mobile=true

× Jan de Lange

Maandag 06 Mei 2013



Suid-Afrika se algehele werkloosheidskoers - ingesluit die sogenaamde ontmoedigde werkloses - is nou die hoogste sedert die 2008-resessie. Grafika: GRAFIKA24





Suid-Afrika se algehele werkloosheidskoers - ingesluit die sogenaamde ontmoedigde werkloses - is nou die hoogste sedert die 2008-resessie. Grafika: GRAFIKA24

Johannesburg. – Daar is ernstige rede tot kommer oor die arbeidsmark wat nie werklik weerspieël word in die effense toename in die werkloosheidskoers van 0,3 persentasiepunt tot 25,2% in die kwartaal tot einde Maart nie.

Die land het nou 4,6 miljoen werkloses wat aktief werk soek en nog 2,3 miljoen wat graag ekonomies aktief wil wees, maar moed verloor het dat hulle werk sal kry. In arbeidstatistieke staan hulle as “ontmoedigde werkloses” bekend.

Die uitgebreide werkloosheidskoers – wat die ontmoedigde werkloses insluit – is 36,7%, die hoogste koers sedert die resessie in 2008.

Uit ’n ekonomiese oogpunt is dit veral sorgwekkend omdat die werkloosheidskoers styg ondanks groter indiensneming deur die staatsdiens. In dié kwartaal het die getal staatsamptenare met 44 000 toegeneem tot 3,072 miljoen, 22,6% van die totale werkmag, sê Neren Rau, uitvoerende hoof van die Suid-Afrikaanse Kamer van Koophandel en Nywerheid.

“Die regering het nou die handelsektor vervang as die grootste enkele werkgewer in die land. Die handelsektor het trouens met 66 000 werkers ingekrimp,” het Rau in reaksie op die kwartaallikse arbeidspeiling gesê.

Die resultate van die peiling, wat gisteroggend bekend gemaak is, wys dat indiensneming nietemin in die mynbedryf op ’n jaargrondslag met 8,6% gegroei het tot 365000 mense. Die vervaardigingsbedryf het ook gegroei – met 1,8% tot 1,753 miljoen poste. Albei dié sektore is in groot mate uitvoergerig.

’n Ander ligpunt was die formele landbou, waar indiensneming met 54 000 poste gestyg het. Die formele landbou het op ’n jaargrondslag met 12,7% tot 739 000 poste gegroei.

Die konstruksiebedryf het egter sedert die vorige kwartaal 41 000 poste verloor en die finansiëledienstesektor het met 23 000 poste ingekrimp.

“Werkloosheid sal op kort termyn hoog bly omdat maatskappye versigtig is om te bestee en hul produksievermoë te vergroot. Dit is ’n uitdaging om in die huidige ekonomiese en

arbeidsomgewing meer mense in diens te neem," sê Nedbank in sy kommentaar op die arbeidsmagpeiling.

"Die openbare sektor is waarskynlik die enigste waar indiensneming sal toeneem danksy die regering se infrastruktuurprogram."

Volgens die peiling is 70,7% van die werkloses tussen 15 en 34 jaar oud en is 52,9% jong mense van tussen 15 en 24 jaar oud.

Die informele sektor het met 13 000 poste gekrimp.